**29 Julie** **Skrifgedeelte: Genesis 25:19-34**
**Fokusgedeelte: Genesis 25:33, 34**

**Wat maak jy met die Verbondsgod en sy beloftes?**

As Esau moeg van die veld af kom, verkwansel hy sy eersgeboortereg vir ’n pot lensiesop. Hy doen met hierdie daad nie net afstand van die dubbele porsie wat hy van sy vader se goed sou erf nie, maar hy vertrap ook die verbond en verbondsbeloftes wat deur die eersgeborene en sy nageslag sou loop. Hiermee wys Esau dat die Verbondsgod en sy beloftes hom min geskeel het. Vir ’n enkele maaltyd doen hy afstand van sy geestelike erfenis. As Esau klaar geëet het, stap hy eenvoudig weg asof daar niks met sy optrede fout was nie. Die Skrif skryf oor hierdie donker prentjie heel sober die volgende (vs 34): “Dit is hoe min Esau gedink het van sy reg as eersgeborene.”

Esau is vir ons ’n waarskuwing: Ons mag die seëninge van die hemel nie gering ag nie. Ek en jy het miskien nie meer ’n eersgeboortereg nie, maar ons het verbondsvoorregte wat baie mense nie beskore is nie. Ons het opgegroei in die verbond uit verbondsouers en dra die teken van die genadeverbond, naamlik die doop, op ons voorkoppe. In Christus het God ’n ewige genadeverbond met ons opgerig.

Die vraag is: Wat maak ons met die heilige dinge? Hoe gaan ons om met ons geestelike erfenis? Wat het tereg gekom van die verbondsbeloftes wat jy met jou geloofsbelydenis afgelê het? Soek jy die Here nog ywerig op in die erediens? Maak jy nog erns met jou geestelike erfenis om jou gawes tot nut en saligheid van ander aan te wend? Is jy nog getrou in jou gebede? Voed jy nog getrou jou kinders op in die vrese van God se Naam? Nooit mag ons vir eie genot en plesier die Here en sy genadeverbond vir ’n pot lensiesop verkoop nie. Gaan dink vandag diep hieroor na: Wat maak jy met die Verbondsgod en sy beloftes?

*Sing: Psalm 103:9* *Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)*